# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 38 20 September 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

Vanoggend se erediens word gelei deur prof. Albert Coetsee van die Teologiese Skool. Ds. Jan-Louis Lee lei die aanderediens.

*Ons bid u die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 20 September**
**Oggend: Wyke 9 & 11**
*Oudle.* Sean van der Merwe
Tommie Venter
*Diakens:* Anton de Jager
Jacobus Pretorius
Herman Bonnet
Francois de Kock

**Aand: Wyke 10 & 12**
*Oudl.:* Alwyn Rossouw
Wico Swanepoel
*Diakens:* Herman van Heerden
Hanno Steenkamp



## TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 4 & 3 o.l.v. *Miné Noëth en Ariza Swanepoel* nooi almal hartlik uit om na die erediens saam te skink en drink.

## KATKISASIE SLUIT

Die katkisasie sluit vir die skoolvakansie tot 18 Oktober.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Maandag:**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm."*
*Ps 121:7*

*Vandag 20 September*
André Vermaak 082 478 1823

*Maandag 21 September*
Petri Ganz 083 719 5897

*Woensdag 23 September*
Gerrie Alberts 082 440 6849

*Vrydag 25 September*
Johan de Beer 082 490 4201
Kleopátra Reinecke (1) 079 903 3930
Johan van Staden 082 494 7440

*Saterdag 26 September*
Betta Steenkamp 083 538 9761
Johan van Schalkwyk 082 458 8148

*Gerrie Alberts vier Woensdag sy 82ste verjaarsdag en Johan de Beer vier Vrydag sy 80ste verjaardag. Hartlik geluk. Mag die Here julle ryklik seën en mag julle 'n jaar vol genade en seën tegemoet gaan.*

## MEELEWING

*Ons wens ons kinders en studente 'n aangename vakansie toe. Ons dink veral aan ons matrieks. Mag julle elke dag krag en genade ontvang om julle voor te berei vir die laaste skooleksamen.*



*"Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.*
*Ek het die Here my God gekies as my toevlug!*
*Ek sal van al u werke bly vertel."*
*Ps 73:28*

## ATTESTATE

Ons heet die volgende lidmate hartlik welkom in ons gemeente.

*Marthinus en Moira Hermann* het van Bethlehem gemeente na ons gekom.

*Jan-Hendrik van der Walt* sluit van Oos Moot gemeente by ons aan.

*Ons vertrou dat julle gou tuis sal voel en gelukkig sal wees in ons gemeente.*

## ROEPING AS AMPSDRAERS

Die Kerkraad het op sy vergadering van 27 Augustus 2026 na voorlegging, bespreking en goedkeuring, besluit om die volgende broeders ter approbasie vir die ampte as ouderling en diakens aan die gemeente voorgehou:

As ouderling, br. *Gert Wibbelink* en as diakens, *Daniël Erasmus, Juan Viviers en Willem Wepener*.

*Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.*

## BEROEPENUUS

**Beroep nie aanvaar nie**
Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Wolmaransstad



## PROGRAM VIR OKTOBER

Die skole sluit Woensdag vir vakansie

***8 Oktober*** :
18:00 Diakensvergadering
***9 – 11 Oktober*** : Gemeentekamp
***15 Oktober*** :
19:00 Breë Kerkraadvergadering
***17 Oktober:*** Seniors se Lentefunksie
***18 Oktober***: Jong Lote Toerusting
***25 Oktober:*** Hervormingsdag

## *DAMESOGGEND*



Die dames van Waterkloofrand vier die lewe in volkleur.
Ons is verwelkom met fyn gedekte tafels. Elke gasvrou het moeite gedoen om ons elkeen spesiaal te laat voel. Elke vrou pragtig in kleur geklee. Met tuisgemaakte mostert kan mens mos nou nie anders as om lekker te eet nie.
Ons lag saam, kuier saam en leer mekaar ken. Sandra Reynders deel motivering oor haas jou langsaam, saam skud ons bekommernisse af en trap daarop. So 'n oggend is meer as net die samesyn, dit is susters wat in geloof mekaar ondersteun en bande smee. Want saam in geloof is ons sterker.

**HOE MOET ONS AS NUWE-TESTAMENTIESE CHRISTENE DIE SABBAT VIER?**

*Matteus 12:1-8*

Die Fariseërs en rabbi's het die bedoeling van die Sabbat heeltemal gemis. Hulle het daarna gestreef om aan God 'n "onberispelike" Sabbat te wy. Dit het daarop neergekom dat hulle God se guns en rus op 'n manier wou verdien. Die Sabbat is nie 'n klomp "moenies" en "mag nie's" nie.

Om te maal, is een van die 39 soorte werk wat volgens die Fariseërs nie op die Sabbat gedoen mag word nie, en dit is waarvan hulle Jesus se dissipels beskuldig het. Jesus wys die Fariseërs daarop dat Hy "Here van die Sabbat is" en dat Hy daarom ook kan aandui wat die ware Sabbat is. Dit is beslis nie die wettiese interpretasie wat die Fariseërs daaraan gegee het nie.




Jesus wys hulle daarop dat die Sabbat 'n dag van bevryding van die las van sonde is, 'n lewe van oorwinning in God. Die viering van die Sabbat in die Ou Testament was 'n heenwysing na die vryheid, ontspanning en rus wat in God deur Christus ons deel kan word. Jesus het in die volheid van die tyd gekom om die vierde gebod volmaak te vervul. Daarom is ons feesviering van die Sabbat gefokus op Jesus se oorwinning van die dood met sy opstanding. Ons vier fees oor die vrede en rus wat God in Jesus Christus aan elkeen gee wat Hom as sy Verlosser en Saligmaker aangeneem het.

Die vierde gebod het nie verval nie. Ons kom dit egter nie op 'n wettiese manier na soos deur die Fariseërs voorgeskryf nie. Ons kom dit na deur fees te vier oor die verlossing en bevryding wat Jesus vir elkeen gee wat in Hom glo. Vier jy nog fees oor die rus wat jy in die verlossing van sonde deur Jesus ontvang het?

*Ds. JG van der Walt (George) (emeritus)*

# SNIPPERS




*Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, en wel op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die "Sorg Met Eer" projek vir ons emeriti. Skakel of Whatsapp vir Riekie by **082-586 9167** en bespreek u kaartjies.*



# FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan